higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N4

(6020254)

21 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Die vraestel sluit die instruksies aan kandidate en toesighouers in en moet 30 minute voor die aanvang van die eksamen aan kandidate oorhandig word.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 uur**	**200**
AFDELING B: WOORDVERWERKING	**1 uur**	**100**
TOTAAL:	**3 uur**	**300**

KANDIDATE WORD 30 MINUTE TOEGELAAT OM DIE INSTRUKSIES TE LEES VOORDAT DIE VRAESTEL BEANTWOORD WORD. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate word toegelaat om VRAAG 1 DRIE MINUTE voor die aanvang van die eksamen deur te lees.

2. Die tydnoukeurigheidstoets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

3. Na afloop van die TIEN MINUTE sal al die toetse deur die toesighouer ingeneem en geteken word. Die toetse sal bewaar word tot na afloop van die eksamensessie waarna dit in die teenwoordigheid van die kandidaat in sy/haar EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4 en 5: Sleutel in, stoor en druk.

6. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

AFDELING B: WOORDVERWERKING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Prosedure vir VRAAG 7A en 8A: Sleutel in, stoor en druk.

Kopiereg voorbehou

3. Herwin, kopieer en verwerk volgens die instruksies in deel B van elke vraag. Druk en gee deel A sowel as deel B in.

4. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

ALGEMEEN

1. Jy mag die ASCII-kodes gebruik.

2. Geen notas of nietoelaatbare materiaal mag in hierdie artikels ingeskryf of versteek word nie.

3. Gebruik slegs COURIER NEW 12 pt in die vraestel tensy anders aangedui.

4. Stoor die werk gereeld om verlies van ingesleutelde werk gedurende 'n kragonderbreking te voorkom. Slegs die tydsduur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word. GEEN ekstra tyd vir verlies van werk sal toegelaat word nie.

5. Indien 'n rekenaar of drukker breek, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy kan voortgaan met die eksamen en die werklike verlore tyd sal bykomend toegelaat word.

6. Sleutel die VRAAGNOMMER sowel as jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN vrae sonder EKSAMENNOMMERS sal gemerk word nie.

7. Gee die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

   7.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat gemerk moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel.

   7.2 Die kompakskyf/geheuestokkie waarop die werk gestoor is, behoorlik gemerk met jou EKSAMENNOMMER. As antwoorde op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet dit deur die toesighouer(s) na 'n kompakskyf/geheuestokkie gekopieer word voordat dit van die hardeskyf/netwerk uitgevee word. Kandidate se antwoorde moet vir minstens 6 MAANDE gestoor word.

   7.3 ALLE ander DRUKSTUKKE. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die lokaal geneem word of in vullishouers geplaas word nie.

8. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat te verskaf, is 'n oortreding van die eksamenreëls en word in 'n ernstige lig beskou. Indien jy jouself skuldig maak aan so 'n oortreding sal daar teen jou opgetree word.

MOENIE OMBLAAI VOORDAT JY DIE OPDRAG VAN DIE TOESIGHOUER ONTVANG NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TIKTEGNIEK

	TYD	PUNTE
VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	**10 minute**	**20**
VRAAG 2: TABEL	**31 minute**	**50**
VRAAG 3: OMSENDBRIEF	**36 minute**	**60**
VRAAG 4: PARAGRAWE	**31 minute**	**50**
VRAAG 5: AFRIKATAAL	**12 minute**	**20**
TOTAAL	**120 minute**	**200**

WERK VINNIG EN AKKURAAT

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE**: **20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" SPOED: 35 w.p.m. (minimum vereiste) FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: 2 (dubbel)

1. Die volgende TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet slegs EEN keer ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir spoed van 35 en 40 woorde per minuut.
3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs as kopskrif (*header*) in.
4. Stoor die dokument as V1 en druk.
5. Toesighouers sal die toets aan die BEGIN van die EKSAMEN inneem en teken. AL die bladsye moet geteken word.

Listeriose is 'n ernstige infeksie wat gewoonlik veroorsaak word deur kos te eet wat besmet is met die bakterie listeria monocytogenes. Die siekte affekteer hoofsaaklik ouer volwassenes, swanger vroue, pasgebore babas en volwassenes met verswakte immuunstelsels.

Nogtans kan persone sonder hierdie risikofaktore ook geaffekteer word. Die risiko kan verlaag word deur veilige kosvoorbereiding, verbruik en berging. Iemand wat listeriose het, het gewoonlik koors en spierpyne wat soms deur diarree of ander simptome van gastroënteritis voorafgegaan word. Feitlik almal wat met listeriose gediagnoseer is, het 'n ingrypende infeksie waarin die bakterieë verder as die spysverteringskanaal versprei het. Listeriose kan op verskillende maniere teenwoordig wees, afhangende van die soort infeksie. Manifestasies van listeriose is afhanklik van 'n gasheer.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Swanger vroue kan koors en ander niespesifieke simptome soos uitputting en pyn ervaar wat gevolg word deur verlies van die fetus of bakteremie en breinvliesontsteking in die pasgebore baba. In ouer volwassenes en mense met immuunkompromitterende toestande is die voorkoms van septisemie en breinvliesontsteking die mees algemene siektes.

Immuunbevoegde mense kan akute koors-gastroënteritis kry of geen simptome ervaar nie. Infeksies tydens swangerskap kan egter lei tot miskrame, babas wat doodgebore word, premature geboorte of lewensbedreigende infeksie in die pasgeborene. Behalwe koors en spierpyne kan simptome ook hoofpyn, 'n stywe nek, verwarring, balansverlies en stuiptrekkings wees.

Die bakterie listeria monocytogenes kom hoofsaaklik voor in grond, voer, water, modder, diere, kos en kuilvoer. Verskeie plaas- en wilde diere kan die bakterie oordra en mense kan die organisme simptoomloos dra. **35 wpm**

Kosse onder verdenking wat met listeriose in mense geassosieer word sluit in ongepasteuriseerde melk, suiwelprodukte en sagte kaas insluitend Meksikaanse kaassoorte, klaarvoorbereide kitskosse soos worsbroodjies, koue vleis en voorbereide **40 wpm**

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 31 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: Gelyk FONT: Courier New 10 pt PAPIER: A4-landskap	BELYNING: Soos aangedui REËLAFSTAND: Soos aangedui

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs in as kopskrif (*header*).
2. Neem AL die proefleestekens in aanmerking.
3. Voeg 'n TABEL in.
4. Stoor die dokument as V2 en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat: Verander alle kolomopskrifte na hoofletters

Table een **gesp hfls, vetdruk, onderstreep sp vervang met syfers**

voluit

Getal laboratorium-bevestigde listeriose-Λ & sterftes per provinsie Λ gevalle **bk, kurs**

#

Provinsie	Vroulik	% van totaal [van provinsie	Manlik	% van totaal [van provinsie	% van totaal
Gauteng	1#908#575	57.19	1 428 957	42.81	12.67
#					
Wes-Kaap **loop aan**	809 121	55.00	661 878	45.00	5.59[2]
#					
KwaZulu-Natal	3 215 834	51.58	3 018 988	48.42	23.68[1]
#					
Mpumalanga	3 052 876	56.42	2 358 361	43.58	20.55
#					
Oos-Kaap	1 521 360	59.52	1 034 768	40.48	9.71
#					
Limpopo ~~area~~ ɑ	1 047 802	54.60	871 414	45.40	7.29
#					
Vrystaat	900 655	52.50	814 805	47.50	6.51
#					
Noordwes	332 780	53.56	288 530	46.66	2.36[2]
#					
KaapNoord- **trs**	1 676 893	54.68	1 389 756	45.32	11.65
#					
Totaal **bk**	14 465 896	54.93	11 867 457	45.07	68.90

~~Mpumalanga~~ **stet**

1 # Meeste gevalle is in ~~KwaZulu-Natal~~ aangemeld

2 # Minste gevalle is in Noordwes & Wes-Kaap aangemeld **voluit**

Belyn alle syfers regs

 # = letterspasie

[50]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 36 MINUTE **PUNTE: 60**

KANTRUIMTES: Links: 3,81 cm/1,5" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt behalwe waar anders aangedui	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbel-reëlafstand tussen paragrawe

1. Herwin die briefhoof gestoor as VRAAG 3 op jou netwerk/hardeskyf/geheuestokkie.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER links as voetskrif in.
3. Neem ALLE proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat: Rangskik paragrawe in numeriese volgorde en keep in. Verander alle onderstreepte opskrifte na hoofletters en vetdruk.

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in

Aan: ╫ Openbare Hospitale, Privaat Hospitale **Sit korrek uiteen**

Skuif

~~verminder~~

4. Listeriose floreer in / yskas [Listeria ~~vermeerder~~ maklik in / yskas as 'n kossoort besmet is, anders as die meeste ander patogene wat deur kos versprei word. **NP** **stet**

5. Skoonmaak van toerusting [Deeglike skoonmaak van kombuis is noodsaaklik om alle ~~ander~~ kruisbesmetting te verhoed. **NP** **vetdruk, o/streep** **skrap**

3. Moet nie vervalde items in / drom sit nie [/ gesondheidsdepartement het SA versoek om nie besmette kos in / drom te plaas nie omdat ander met / kositems in aanraking kan kom. **NP** **voluit**

2. Stoor rou en gaar kos apart [Om gaar kos weg te hou van ∧ kos kan kruisbesmetting voorkom en mense moet opgevoed word oor hoe om hierdie kosse apart te hantteer. **NP** ∧ rou **sp**

Kanidaat: Voeg 'n bladsybreuk in na paragraaf 4

Hoe om listeriosebesmetting te vermy **16 pt, bk, kursief, sentreer**

VRAAG 3 (VERVOLG)

Kandidaat: Nommer tweede bladsy as 2 middel bo

1. Bleik is jou vriend [Kenners meen dat een van / effektiewe (2) maniere (3) mees (1) **NP** **trs** om 'n yskas of oppervlakke skoon te maak wat in kontak kon gewees het met besmette kos is om bleikmiddel te gebruik wat met water verdun is.

Departement van Gesondheid **Sit korrek uiteen**

[60]

VRAAG 4: PARAGRAWE

TYD: 31 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel behalwe waar anders aangedui

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs in as kopskrif (*header*).
2. Neem ALLE proefleestekens in ag.
3. Stoor die dokument as V4 en druk dit.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Skuif

/ sterftesyfer van / wêreld se ergste listeria-uitbreeking in SA het gestyg tot **sp** **voluit**
meer as 200. [Terwyl / getal gediagnoseerde gevalle elke week afgeneem het, **NP**
het 'n totaal van 1,033 mense listeriose opgedoen – 'n siekte wat veroorsaak word deur
Kandidaat: Voeg enige kolpunte in en keep in
bakterieë in grond, [water, [plantegroei & [ontlasting van diere **NR**

wat vars kos kan besmet, veral vleis.

Gesondheidsbeamptes het in Maart aangekondig dat hulle / oorsprong gevolg het **o/streep**
tot by 'n Enterprise-voedselaanleg in Polokwane & onmiddellik
'n ∧ herroeping van / besmette produkte ~~en dienste~~ gelas het. ∧ landwye **skrap**

/ infeksie kinders affekteer hoofsaaklik & het 'n inkubasietyd van tot **trs**
sewentig dae wat opsporing bemoeilik. [Besmetting in **in syfers** **NP**
~~diere~~
~~mense~~ kan lei tot **stet**
Kandidaat: Voeg enige kolpunte in en keep in.
griepierigheid, [infeksie van / bloedstroom en [infeksie van / brein **NR**

wat noodlottig kan wees.

Meer as 200 sterf weens listeria **gesp hfls, vetdruk, kursief**

Kandidaat:

Vind listeriose en verander na hoofletters en vetdruk. Vervang & met en.

[50]

VRAAG 5: AFRIKATAAL

TYD: 12 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm (1") Regs: 2,54 cm (1") FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: 1,5 (1½)
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs as kopskrif in. 2. Stoor die dokument as V5 en druk dit. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Listeriosis ke bolwetse bo bo masisi mme bo kgona go thibelwa ebile bo a alafega.

Boletse bono bo go kaiwang bo bakiwa ke bacterium ya listeria bo tlholega go tswa mo metsing, mo mmung, mo dijong go akaretsa le koo dijo di siamisiwang teng pele di tla marekelong gammogo le kwa dipolaseng. Bao ba se nago le bonnete.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: WOORDVERWERKING

VRAAG 6:	**PARAGRAWE**	**A**	**Alreeds ingesleutel**	**00**
		B	**15 minute**	**25**
VRAAG 7:	**MEMORANDUM**	**A**	**11 minute**	**18**
		B	**14 minute**	**23**
VRAAG 8:	**TABEL**	**A**	**7 minute**	**12**
		B	**13 minute**	**22**
TOTAAL			**60 minute**	**100**

WERK VINNIG EN AKKURAAT

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B: VERWERKING

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreël-afstand tussen paragrawe

1. Herwin die dokument gestoor as V6A.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs in as kopskrif.
3. Verwerk volgens die instruksies en soos hier onder aangedui.
4. Stoor die dokument as V6B en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat:
1. **Rangskik paragraafnommers in numeriese volgorde.**
2. **Vind listeriose en vervang met listeriose in hoofletters.**
3. **Vind NIOS en vervang met Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes.**
4. **Voeg bladsynommers in bo gesentreerd op bladsy 2.**
5. **Voeg die voetskrif in Arial 10 pt in: Voedselabattoirs terug in aksie na listeriose paniek**

Λ Listeriose-opvlamming beskou as ergste gedokumenteerde uitbreking in wêreldgeskiedenis } **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**

ǂ

Talle gevalle van listeriose is tussen Januarie 2017 en ~~Februarie~~ ~~Maart~~ 2018 aangemeld, wat die totaal van die bevestigde **stet** gevalle deur laboratoriums op 978 te staan gebring het, het die Nasionale Instituut vir Oordragbare Siektes gesê.

[4.ǂ Die NIOS het in 'n verklaring gesê finale data was beskikbaar slegs vir die persentasie sterftes van bevestigde **trs** gevalle van listeriose. Die gemiddelde sterftekoers van listeriose is tussen 20% en 25%. [5.ǂ Die met bevestigde listeriose is pasiënte in staats- en privaat hospitale – sowat tweederdes in staatshospitale (65%) en 'n derde (35%) in privaat hospitale.

[1.ǂ Die dodetal het gestyg terwyl die bron van wat as die ergste aangetekende uitbreking in die geskiedenis van die wêreld beskou is, steeds onbekend gebly het. [2.ǂ Sowat 40 persent van die sterftes was babas jonger as vier weke. **vervang met %** Swanger vroue is 20 keer meer vatbaar as ander gesonde volwassenes om listeriose op te doen deur voedsel te eet wat deur die listeria-patogeen besmet is.

Kandidaat: Voeg 'n bladsybreuk in na paragraaf 5

VRAAG 6B (VERVOLG)

[3.╫ Die NIOS het gewaarsku dat die aantal gevalle vir die laaste ses weke van 2017 op daaglikse basis kon verander **in syfers** en dat die verloop daarvan versigtig geïnterpreteer moes word. Dit is toegeskryf aan probleme in die data van staatslaboratium se inligtingstelsels sedert die middel van November. Die vakansiedae kan verslae moontlik ook vertraag.

[6.╫ Die NIOS het met behulp van genoomopeenvolging vasgestel dat listeria-besmetting in die meeste gevalle van 'n enkele bron gekom het, vermoedelik 'n spesifieke produk of reeks produkte.
╪
Λ Omvattende ondersoeke moet oor die hele Suid-Afrika gedoen word om die bron van die infeksie van al die aangemelde gevalle te identifiseer.
╪
~~Dr Lucia Anelich, voedselveiligheidskenner en mikrobioloog van Pretoria, het gesê die oorsaak is heel moontlik 'n produk wat dikwels deur verbruikers oor die hele land geëet word.~~ **skrap**

[8.╫ Bo-aan die lys kossoorte wat bekend is dat dit ander uitbrekings van listeriose veroorsaak het, is geriefskosse wat verbruikers nie kook of opwarm voordat dit geëet word nie. Dit is hoofsaaklik kitskosse soos ham, polonie, gaar hoender en soortgelyke kosse.

[9.╫ Geriefskosse word natuurlik geëet deur talle mense **vetdruk, kurs** in die bevolking, en dit kan goedkoper of duurder kosse wees. Maar ander kosse kan ook die bron gewees het en dit is moeilik om 'n spesifieke een uit te sonder aangesien daar tot op daardie stadium geen ander leidrade was nie.
╪
[7.╫ Simptome van listeriose ontwikkel enige tyd van twee tot 30 dae nadat kos geëet is wat met die **in syfers** listeria-patogeen besmet was. By swanger vroue sluit dit simptome in van ligte griep, hoofpyn, spierpyn, koors, naarheid en braking. As die infeksie na die senuweestelsel versprei kan dit nekstyfheid, verwarring en konvulsies insluit.

Λ Hoender besmet met listeriose is tot by 'n slagplaas nagespoor.
╪
Λ Die uitslag van JSE-maatskappytoetse was negatief. **regsbelyn**

[25]

VRAAG 7A: MEMORANDUM

TYD: 11 MINUTE **PUNTE: 18**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: Dubbel
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs in as kopskrif. 2. Stoor die dokument as V7A en druk dit. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Wat veroorsaak listeriose?

Selfs bevriesing keer dit nie. Wanneer voedsel besmet raak, kan jy dit nie sien, ruik of proe nie.

Listeria word veroorsaak deur bakterieë wat in temperature koue soos die in 'n yskas kan groei.

Mense kan die infeksie die maklikste op doen van kouevleis wat nie behoorlik geprosesseer is nie of van suiwelprodukte gemaak van melk wat nie gepasteuriseer is nie – met ander woorde, die melk is nie op die regte manier verhit om kieme dood te maak nie.

(18)

VRAAG 7B: VERWERKING

TYD: 14 MINUTE **PUNTE: 23**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel behalwe waar anders aangedui
1. Herwin VRAAG 7A en verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na 7B. 2. Verwerk volgens die instruksies en soos hier onder aangedui. 3. Stoor die dokument as V7B en druk dit. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Λ Voorkoms van listeriose **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
╪
Λ Memorandum **gesp hfls, kursief**
╪ **Kandidaat: Voeg horisontale lyne in soos aangedui**

Aan: ╪ Departement van Gesondheid
Van: ╪ Dokters en Verpleegsters
Datum: ╪Vandag se datum voluit
} **bk, d/r**

---

†
╪
Λ Moontlike bron van siekte: **bk, vetdruk**
╪
Λ Dit word veroorsaak deur die bakterie listeria wat in grond, water, stof, ontlasting van diere en ook in ander stowwe voorkom. Mense word siek deur kos te eet waarin die bakterie voorkom.
╪
Λ Vir die meeste mense is die infeksie nie ernstig nie, selfs al word jy vir 'n paar dae siek daarvan.
╪ ~~listeria~~ **stet**
Wat veroorsaak ~~listeriose~~? **bk, skrap o/streep**
╪
Selfs bevriesing keer dit nie. Wanneer voedsel besmet raak, kan jy dit nie sien, ruik of proe nie.

Listeria word veroorsaak deur bakterieë wat in temperature koue **trs** soos die in 'n yskas kan groei.
╪
skuif
╪ **letterspasie**
Mense kan die infeksie die maklikste opdoen van koue#vleis wat nie behoorlik geprosesseer is nie of van suiwelprodukte gemaak van melk wat nie gepasteuriseer is nie ~~– met ander woorde, die melk is nie op die regte manier verhit om kieme dood te maak nie~~. **skrap**
╪
Λ Vir meer inligting, besoek www.health.co.za **10 pt**

(23)
[42]

VRAAG 8A: TABEL

TYD: 7 MINUTE **PUNTE: 12**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Arial 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER links, die VRAAGNOMMER en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regs in as kopskrif. 2. Stoor die dokument as V8A en druk dit. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Koors	Hoofpyn	Diaree	Naarheid	Braking	Maagpyn	Artromialgie
100	78	78	78	44	44	78
72	65	79	47	26	55	25/59[a]
57	88	53	60	19	72	45/51[a]
76	86	40	54	40	72	24/20[a]
78	67	33	11	11	NB	89
76	81	67	76	29	57	NB
83	NB	83	33	33	17	100

(12)

VRAAG 8B: VERWERKING

TYD: 13 MINUTE **PUNTE: 22**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" FONT: Arial 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Soos aangedui REËLAFSTAND: Soos aangedui

1. Herwin VRAAG 8A en verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na 8B.
2. Verwerk volgens die instruksies en soos hier onder aangedui.
3. Stoor die dokument as V8B en druk dit.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat:
1. Belyn alle syfers regs, behalwe dié in die verwysingskolom.
2. Verander alle kolomopskrifte na vetdruk.

Ʌ Simptome van listeriose **14 pt, bk, vetdruk, sentreer**
╪
Kandidaat: Voeg kolom en rye in soos aangedui

sp ~~Mae~~ **stet**

Verwysing	Koors	Hoofpyn	Diaree	Naarheid	Braking	~~Maagpyn~~	Artromialgie
[4]	100	78	78	78	44	44	78
[5]	72	65	79	47	26	55	25/59[a]
[6]							
Volwassenes	57	88	53	60	19	72	45/51[a]
Kinders	76	86	40	54	40	72	24/20[a]
[8][b]							
Groep 1	78	67	33	11	11	NB	89
Groep 2	76	81	67	76	29	57	NB
[9][c]	83	NB	83	33	33	17	100
[10]	60	15	88	4	21	54	29

╪
Ʌ Let wel: NB – nie beskikbaar **bk, vetdruk**
╪
(a) Artralgie/Mialgie
(b) Vir verwysing 8 word data gegee vir 2 groepe op 2 verskillende plekke. [(c) Data is **NR**, slegs van bevestigde gevalle, aannames nie ingesluit nie.

(22)
[34]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou